

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 NOVEMBER 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

#### NOMMER 10/2013

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Frik Nel geopen waarna al die lede welkom geheet word.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Pieter le Roux		Kleinbrak
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Des Muller		Riverside
Len Rauch		Tergniet
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Dorothy Barnard		Sekretaris/Tesourier

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Frans de Graaff	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Charl De Wet	Kleinbrak
--------------	-----------

##### 12.4 Afwesig sonder verskoning

Terrie Terblanche		Riverside
Rozain Hansen	Munisipaliteit	

#### 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Bertie Supra, Frik Nel en Terrie Terblanche met hulle verjaarsdae gedurende November.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p><b>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Die notule van die vorige vergadering word sonder wysigings goedgekeur. Voorgestel en gesecondeer deur Johann Muller en Kruger de Wet.</p>	
5.	<p><b>AANVULLENDE AGENDA</b></p>	
5.1	<p><b>Straatligte in Impalalaan</b></p> <p>Die Munisipaliteit word bedank vir aanbring van die straatligte in Impalalaan. Haal af.</p>	
5.2	<p><b>Algemene Jaarvergadering</b></p> <p>In die verlede is die vergadering op Maandag van die 3de week in Desember gehou. Na bespreking word besluit dat aangesien heelwat inwoners die dag as "Geloftedag" herdenk, die Algemene Jaarvergadering op Dinsdag, 17 Desember – 10:00 gehou sal word.</p>	Dorothy
5.3	<p><b>Jaarsluitingsfunksie</b></p> <p>Om Komiteelede te bedank vir hulle onbaatsugtige bydraes gedurende die jaar, word besluit dat 'n afsluitingsfunksie na afloop van die volgende vergadering gehou sal word. Bevestiging van die geleentheid sal aan lede gestuur word. Haal af.</p>	Dorothy
5.4	<p><b>Erf 502, Albertiniastraat 42, Fraaiuitsig</b></p> <p>Op voorstel van mnr De Graaff word besluit dat hy die saak in huis sal ondersoek en die eienaar kontak. Die uitslag van die ondersoek sal aan die vergadering voorgelê word.</p>	Frans
5.5	<p><b>Sportakademie</b></p> <p>Lede word versoek om Johann te kontak indien hulp beskikbaar gestel kan word om gras by die sportveld op te ruim. Haal af.</p>	Lede
6.	<p><b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b></p>	
6.1	<p><b>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 16 September 2013</b></p> <p>Die vergadering is deur Johann gewoon. Alhoewel die uitslag van MEP se verslag oor honde op strande op die agenda was, het die persoon wat die aanbieding moes maak, nie opgedaag nie. Die aangeleentheid staan oor vir bespreking tydens die volgende vergadering.</p> <p>Pieter le Roux en Johan Lotter sal die vergadering van 13 November 2013 – 09:00 bywoon.</p>	Pieter / Johan

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.2	<p><b>Hersiening van straatname in die gebied</b></p> <p>Terugvoer op ons skrywe van 16 Oktober is nog uitstaande. Mnr Eddie Kruger het wel bevestig dat die korrekte spelling Hildegardstraat is.</p>	Dorothy
6.3	<p><b>Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155</b></p> <p>Die resultaat van die hofsaak is nog onbekend. 'n Skrywe oor vordering moet aan die Munisipaliteit gestuur word.</p> <p>Navraag word gedoen of stelsels in plek is vir verhaling van kostes van eienaars wat skuldig bevind word weens oortreding van munisipale regulasies.</p>	Dorothy
6.4	<p><b>R102 - Skoonmaak van syaadjies</b></p> <p>'n Kontrakteur is deur Eden Distriksmunisipaliteit aangestel om die werk te doen. Volgens Anton Steenkamp behoort die werk eersdaags gefinaliseer te word.</p> <p>Kennis word geneem van 'n ongeluk wat plaasgevind het weens versperring van sig deur bossies by in/uitgange van die gebied na die R102. Aanbring van 'n Omni spieël word aanbeveel.</p>	Dorothy
6.5	<p><b>Grondwet hersiening</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat 'n prokureur tans die bestaande grondwet hersien om te verseker dat dit volledig en korrek is. Staar oor.</p>	Anton / Dorothy
6.6	<p><b>Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP</b></p> <p>Die manier waarop die proses hanteer is, is onbevredigend. Skriftelike navraag is gedoen oor die bedrag wat MEP betaal is/word vir die proses.</p>	Dorothy
6.7	<p><b>Plakkers / bosslapers op Erf 2841 (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Arcaciastraat) (voorheen Marktus Louw se eiendom)</b></p> <p>Van die geboue is reeds gesloop maar een is nog staande. Mnr De Graaff monitor die afbreek van die laaste huis.</p>	Rozain / Frans
6.8	<p><b>Pad na Powertown / bootlanding</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van mnr Vernon Gibbs-Halls se aksies om 'n oplossing vir kompaktering van die pad te vind. Anton sal Vernon kontak oor vordering.</p>	Anton
6.9	<p><b>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg</b></p> <p>Wettigheid van die strukture word ondersoek.</p>	Frans

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.10	<p><b>Instandhouding van eiendom en bystand aan pensioenarisse</b></p> <p>Volgens Raadsheer Smit is dit nie vir die Munisipale Raad moontlik om die versoek te oorweeg nie en maak die Deernisbeleid voorsiening vir pensioenarisse in nood. Johan Lotter word versoek om mnr Piet du Plessis dienooreenkomstig in te lig.</p>	Johan Lotter
6.11	<p><b>Alternatiewe uit-/ingange by woonbuurtes</b></p> <p>In antwoord op ons skrywe van 30 September is skriftelike terugvoer van die Munisipaliteit ontvang. Die versekering is gegee dat enige ongelukstonele te alle tye professioneel en met so min moontlik steurnis vir die gemeenskap hanteer word. Haal af.</p>	
6.12	<p><b>Impalalaan: Aanbring van tweede seëllaag en beplanningskedule</b></p> <p>Volgens mnr Myburg is die nuutste beplanningskedule vir herseël van strate in die gebied nog nie beskikbaar nie. Terugvoer van die konsultante is nog uitstaande.</p>	Rozain
6.13	<p><b>Vakansie seisoen reëlingsvergaderings</b></p> <p>Die vergadering gehou op 21 Oktober is deur Anton en Mike bygewoon. Alhoewel al die woongebiede vanaf Vleesbaai tot Glentana dieselfde probleme ondervind, is insette baie positief deur die Munisipaliteit ontvang. Skoonmaak aksies deur die Munisipaliteit ter voorbereiding vir die vakansie seisoen is duidelik sigbaar in die gebied.</p>	Anton / Mike
6.14	<p><b>Besigheidskaartjies vir die Vereniging</b></p> <p>Die kwotasie vir 500 kaartjies teen R199 (BTW uitgesluit) word aanvaar en goedkeuring word verleen dat voortgegaan word met druk van die kaartjies sodat dit beskikbaar is voor die Algemene Jaarvergadering. 'n Voorbeeld van die kaartjie sal vooraf aan lede vir kommentaar gestuur word.</p>	Anton
6.15	<p><b>Verf van straatoppervlak inligtingstekens</b></p> <p>Die Vereniging is aangenaam verras met die uitslag van die skrywe aan die Munisipaliteit oor verf van inligtingstekens. Komiteelede word bedank vir hulle deeglike insette. Haal af.</p>	
6.16	<p><b>Bossies op teeroppervlakte</b></p> <p>Die bossies op die teeroppervlakte in Seesterstraat is verwyder. Volgens 'n skrywe van mnr Ralph Dickson gedateer 5 November is spuit van gif op hulle program en sal dit aandag geniet. Haal af.</p>	
6.17	<p><b>Kusweg – rigting Kleinbrak</b></p> <p>Die Munisipaliteit (mnr Abrie Nel) moet versoek word om die informele voetpad in Kusweg tussen Reebok en Kleinbrak te kompakteer omdat dit daagliks deur inwoners gebruik word.</p>	Dorothy / Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.18	<p><b>Trappe na die see</b></p> <p>Volgens mnr Abrie Nel is 'n inspeksie deur die amptenare van Departement Stadsbeplanning uitgevoer by al die trappe en ablusie blokke. Kwotasies word ingewin vir die nodige herstelwerk en behoort dit met die aanvang van die seisoen herstel te wees. Haal af.</p>	
7.	<p><b>WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5</b></p> <p>Kennis word geneem dat die aantal vergaderings afgeskaal gaan word.</p>	
8.	<p><b>PROJEKTE</b></p>	
8.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p>	
8.1.2	<p><b>Oprigting van 10 ton limiet inligtingstekens</b></p> <p>Volgens terugvoer van mnr Ralph Dickson is die limietbeperkingsborde wat in Impalalaan en De Jagerstraat aangebring is voldoende en is aanbring van tekens by die ingange van 3de &amp; 4de Laan onnodig.</p> <p>Alhoewel die Vereniging nie voorskriftelik kan wees met aanbring van borde nie, sal moontlike verskuiwing van die borde na die ingange en aanbring van "behalwe aflewerings" by die borde, met Altus Eitner bespreek word.</p>	Dorothy
8.2	<p><b>Skoonmaak van erwe</b></p> <p>Word deurlopend hanteer.</p>	
8.3	<p><b>Rampbestuur</b></p> <p>Die Mosselbaai Oorhoofse Rampbestuursplan is goedgekeur en die elektroniese formaat is op die Munisipaliteit se webtuiste beskikbaar. Charl Coetzer en Des Muller sal die plan bestudeer en insette (indien enige) verskaf. Die Plan word jaarliks hersien.</p>	Charl / Des
9.	<p><b>FINANSIES</b></p> <p>Banksaldo is R13 122,02 en kontant voorhande R180,55. Goedkeuring word verleen vir betaling van Posil Consulting se rekening van R592,00.</p>	Dorothy
10.	<p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Vier inbrake het die afgelope maand in die gebied plaasgevind.</p> <p>As 'n bewusmakingsveldtog gaan die SAPD padblokkades gedurende die vakansietyd opstel by die drie ingange van die gebied. Veiligheidswenke deur Buurtwag sal tydens die geleentheid versprei word.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	Bewegings van mense wat bedag lyk moet onder die SAPD se aandag gebring word.	Lede
11.	<b>BEWAREA</b>	
	Anton en Frik sal voorstelle op 13 November bespreek.	Anton / Frik
12.	<b>PLAASLIKE SAKE</b>	
12.1	<b>Fraaiuitsig</b>	
	Die elektriese kas op die leë erf by Aliwal Suid 24 is nie gesluit nie en die Munisipaliteit moet dienooreenkomstig ingelig word.	Dorothy
12.2	<b>Klein-Brakrivier</b>	
12.2.1	<b><i>Blouvlag status</i></b>	
	Met laagwater is bourommel by die strand sigbaar en kan beserings opgedoen word. Rommel langs Rietstraat is onooglik tydens laagwater en die Munisipaliteit moet versoek word om aandag daaraan te skenk.	Dorothy
12.2.2	<b><i>Trappe na die see</i></b>	
	Anton sal Abrie Nel oor die trappe kontak.	Anton
12.3	<b>Reebok</b>	
12.3.1	<b><i>Noord van die spoorlyn</i></b>	
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.3.2	<b><i>Suid van die spoorlyn</i></b>	
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.4	<b>Reebokhoogte</b>	
	Die elektriese kas in Seesterstraat naby Koraalsingel is nie gesluit nie en die Munisipaliteit moet versoek word om al die bokse in die gebied na te gaan en te sluit.	Dorothy
12.5	<b>Rebokrif</b>	
12.6	<b>Riverside</b>	
	Geen probleme nie.	
12.6.1	<b><i>Chemiese toilette te Riverside en Sportveld</i></b>	
	Onderhandelinge vir aanbring van permanente geriewe by die ontspanningsgebied is in proses. Haal af.	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.7	<p><b>Tergniet en De Lange Uitbreiding</b></p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie.</p>	
12.8	<p><b>Tergniethoogte</b></p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie.</p>	
13.	<p><b>KORRESPONDENSIE</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van skrywes aan Cape Environmental Assessment Practitioners dat die Vereniging geen beswaar het teen aktiwiteite van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Asphalt Vervaardigingsaanleg, en</li> <li>- Rheeboek Brick Holdings (Pty) Ltd</li> </ul>	
14.	<p><b>VOLGENDE VERGADERING</b></p> <p>Dinsdag, 3 Desember 2013 - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.</p>	
15.	<p><b>VERDAGING</b></p> <p>Die vergadering verdaag om 15:00.</p> <p><b>DOROTHY BARNARD</b> <b>NOTULEERDER</b></p> <p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 11/2013 GEHOU OP 3 DESEMBER 2013 – 13:00.</p> <p><b>ANTON DELLEMIJN</b> <b>VOORSITTER</b></p>	